

## DIE EERSTE DRYFJAG OP GENERAAL C. R. DE WET

### I. *Generaal De Wet word aan die Vaalrivier vasgekeer*

Aan die begin van Augustus 1900 is generaal C. R. de Wet en ongeveer 1800 burgers ten suide van die Vaalrivier deur 'n groot Britse oormag vasgekeer,<sup>1</sup> nadat hy kort tevore daarin geslaag het om uit die Brandwaterkom, suid van Bethlehem, te ontsnap. Al langs die Renoster-rivier is Britse kampe opgeslaan tot so ver as Baltespoort en vandaar verder tot aan Skandinawiëdrif.<sup>2</sup> Vanaf die suidekant is hy bedreig deur die Cavalry Brigades en die Colonial Infantry-kolonne onder leiding van generaals A. F. Hart en C. E. Knox. Noord van die Vaal was lord Methuen in 'n posisie naby Potchefstroom „to head de Wet back if he crossed the River”,<sup>3</sup> terwyl generaal H. L. Smith-Dorrien by Frederikstad gestasioneer was.

By generaal De Wet was president M. T. Steyn van die Oranje-Vrystaat. Die oorlog was al amper 'n jaar aan die gang en die Boere het in meer as een opsig met die rug teen die muur geveg. Die Oranje-Vrystaat was reeds geannekseer as die Orange River Colony. Dat die president en generaal De Wet die siel van die Vrystaters se vryheidstryd geword het, ly geen twyfel nie. Dit was dus noodsaaklik dat die Boere aan die Britse magte ontkom.

### II. *Vaalrivier, die Broederstroom!*

Om verstaanbare redes het generaal De Wet verkies om na Transvaal uit te wyk, eerder as om deur die Britse kordon agter hom te probeer breek.<sup>4</sup> Die gevaar het bestaan dat die Vrystaters te veel lewens sou waag met so 'n deurbraakpoging. Daarby het generaal De Wet kort te vore 'n brief ontvang van genl. Marthinus Prinsloo dat hy met die Vrystaatse kommando's agter die Rooibergreeks oorgegee het.<sup>5</sup> De Wet kon nie bekostig dat nóg Boere in die hande van die Britte val of die lewe laat nie.

Volgens generaal De Wet het sy kommando laatnamiddag op 3 Augustus 1900 die Vaalrivier by Schoemansdrif oorgesteek,<sup>6</sup> maar klaarblyklik is dié datum foutief.<sup>7</sup> Heel waarskynlik wat dit die namiddag van 6 Augustus, en het sy kommando dwarsdeur die nag die Vaal oorgesteek.<sup>8</sup>

1. De Wet, C. R., *De Strijd Tusschen Boer en Brit*, p. 189.

2. *Ibid.*

3. Lord Roberts' Papers (hierna L.R.P.), vol. 10: Roberts' Despatch, 10.10.1900.


4. De Wet, *op. cit.*, p. 189.

5. *Ibid.*, p. 190.

6. *Ibid.*, p. 191.

7. 'n Mens kry die indruk dat generaal De Wet op hierdie stadium met sy datums fouteer, moontlik weens die tydsverloop tussen die gebeure self en die generaal se optekening daarvan. Dit klink meer aanneemlik dat Britse bronne die datums korrek verstrek. Vgl. in hierdie verband lord Methuen se daaropvolgende verslag aan lord Roberts waarin hy juis melding maak van die middag van 6 Augustus: „The Yeomanry and guns moved at ½ hours' notice at 2.30 (p.m.) . . . on information being received that De Wet's Force was crossing the Vaal near Schoeman's Drift, about 10 miles distant near Venterskroon.” (L.R.P. vol. 10).

8. i. Amery, L. S., *The Times History of the War in South Africa*, IV, p. 423.  
ii. Romer, C. F. & A. E. Mainwaring, *The Second Battalion Royal Dublin Fusiliers in the South African War*, p. 131.



Stellings op 6 Augustus 1900.

Hoe dit ook al sy, die aand van 6 Augustus lei De Wet sy laer na Venterskroon, 'n afstand van ses myl vanaf Schoemansdrif. Die volgende dag het die res van sy mag gevolg.

Dat Christiaan de Wet daarin kon slaag om die Britse magte by Schoemansdrif te ontwyk, bly 'n prestasie. Hoe het hy dit reggekry? Hoewel lord Methuen noord van die Vaal reeds op 3 Augustus verneem het dat generaal De Wet in die rigting van Schoemansdrif aan beweging was, is hy deur lord Kitchener op dieselfde dag beveel om laer af met die stroom na Skandinawiëdrif te gaan, en op 6 Augustus weer om 'n afdeling na Winkelsdrif aan die Renosterrivier as versterking vir die Colonial Division te stuur.<sup>9</sup> Daar was dus niemand om te verhinder dat generaal De Wet die Vaalrivier oorsteek nie, „terwijl zijn achterhoede lord Kitchener aan den praet hield.”<sup>10</sup>

### III. 'n Dolle Agtervolging

Onmiddellik het lord Methuen vanaf Skandinawiëdrif noordoos beweeg en Tygerfontein, noord van Schoemansdrif, op 7 Augustus bereik.<sup>11</sup> Terwyl generaal De Wet in 'n noordoostelike rigting op pad was, het een van sy afdelings met lord Methuen slaags geraak.<sup>12</sup> Lord Methuen het egter op daardie stadium daarin geslaag om die pad vanaf Schoemansdrif en Venterskroon na Potchefstroom te beheer.<sup>13</sup>

Buffelshoek was De Wet se volgende doelwit. Intussen het Britse kolonne suid van die Vaal nader beweeg.<sup>14</sup> Genl. M. O. Little het die heuwels om Reitzburg verken, genl. R. S. Broadwood en Hart was in dieselfde rigting op pad, terwyl Knox en die Colonial Division in die rigting van Skandinawiëdrif opgeruk het.

Op 8 Augustus het genl. De Wet sy magte verdeel ten einde die vyand te verwar. Deur een konvooi onder leiding van kaptein Danie Theron suidoos te stuur, is die vermoede onder die Britse aanvoerders versterk „that the Boers meant to recross the Vaal.”<sup>15</sup> Gevolglik het Broadwood, Hart en Little op 9 Augustus na Lindequesdrif beweeg, dieselfde dag toe luit.-kol. H. M. Ridley die drif deurgesteek het.

Nou het generaal De Wet weer eens die Britte om die bos gelei. Hy het noordoos beweeg in die rigting van Losberg, maar onmiddellik nadat kommandant Theron met die Theron Verkennerkorps (T.V.K.) hom weer by generaal De Wet aangesluit het net Suid van Losberg, kies hulle koers reguit noordwaarts. Die Britte was in 'n dolle agtervolging: Kitchener se kolonne onder leiding van Hart, Broadwood, Little en Ridley het by Lindequesdrif die Vaal oorgesteek en noordwaarts beweeg, maar oos van De Wet. Methuen het wes van die Boeregeneraal se agterhoede

9. Amery, *op cit.*, IV, p. 423.

10. Penning, L., *De Oorlog in Zuid-Afrika*, III, p. 919.

11. Maurice, F. M. & M. H. Grant, *History of the War in South Africa*, III, p. 358.

12. i. De Wet, *op cit.*, p. 192.


ii. War Office T. 42 Box 105/32 Film A. 398, 8.8.1900.






13. Amery, *op cit.*, IV, p. 424.

14. *Ibid.*

15. *Ibid.*

# Die Eerste Driffling op Generaal De Wet.



De Wet.   
 Methuen   
 Braamwerd Little & Hart   
 Jan Hamilton   
 Mahon 

beweeg, „to prevent the Free Staters turning north-west towards de la Rey on the Elands River.”<sup>16</sup> Knox is suid van die Vaal agtergelaat.

Die verdere ontplooiing van die dryfjag het albei kante hoofbrekens besorg — enersyds vir die Britte wat dikwels die spoor byster geraak het en andersyds vir De Wet wat verplig was om ’n volgehoue ontwykings-taktiek te volg. Die dryfjag is eers beëindig met De Wet se terugtog na die Vrystaat amper twee weke later.

Op 10 Augustus het De Wet deur Gatsrand voor die neus van Methuen, wat by Buffelsdoorn was, deurgetrek.<sup>17</sup> Die agtervolging is tydelik vertraag om die Colonial Division vanaf Skandinawiëdrif geleentheid te bied om by Methuen aan te sluit. Terwyl die agtervolgers suid van Gatsrand oornag het, het De Wet dwarsdeur die nag van 10 Augustus voortgetrek, die spoorlyn naby Welverdiend oorgesteek,<sup>18</sup> en die drif op die Mooirivier teen dagbreek die volgende dag bereik.

By Mooirivier het Danie Theron met sy verkenners van Christiaan de Wet afskeid geneem. Hier was ruskans vir die T.V.K., „en Danie was vasbeslote om dié geleentheid nie ongebruik te laat nie.”<sup>19</sup>

#### IV. *Twee Koppe Beter as Een?*

Oorkant die Mooirivier het ’n deel van generaal J. H. de la Rey se mag, die Transvaalse kommando van generaal P. J. Liebenberg, „die even als wij, in de ‚bak’ zich bevond”<sup>20</sup> hom by generaal De Wet aangesluit. „Of dit wel gestrookt heeft met de inzichten van generaal De Wet? Het valt sterkt te betwijfelen!”<sup>21</sup> Dit het beteken dat die Boeremag wat reeds lomp was, nog stadiger voor die agtervolgende Britse troepe uitgetrek het. Ds. J. D. Kestell merk tereg op dat die Boeremag voortdurend die wyk moes neem voor die Britse magte, „wat alle kragte ingespan het om die klompie Boere in hul mag te kry.”<sup>22</sup>

Naby Ventersdorp ontvang generaal De Wet die volgende berig: „De Engelsche kom aan en trek o’er die breedte van die aarde.”<sup>23</sup> Die Boeregeneraal besluit derhalwe om „zóó snel weg te trekken dat de vijand ten laaste uitgeput en machteloos moet nederliggen.”<sup>24</sup> Tot by Olifantsnek sou die Transvalers onder generaal Liebenberg by die Vrystaters bly en hulle „deelde trouw en dapper in elk gevecht.”<sup>25</sup>

Byna daagliks moes generaal De Wet die oorweldigende oormag met beproefde taktiek ontwyk. Terwyl die perdekolonne van die vyand op die walaer en die burgers afstorm, is ’n paar burgers aangesê om hulle tydelik terug te skiet sodat die Boerewaens kon wegkom.

16. *Ibid.*, p. 425.

17. Klaarblyklik maak generaal De Wet weer ’n datumfout — hy gee die datum aan as 7 Augustus (De Wet, *op. cit.*, p. 193). Aan die anderkant gee Maurice en Grant, *op. cit.*, p. 350, die datum aan as 10 Augustus.

18. Journal of the Principal Events connected with South Africa, deel 5, p. 66.

19. Breytenbach, J. H., *Kommandant Danie Theron*, p. 204.

20. De Wet, *op. cit.*, p. 194. ‚Bak’ beteken slagyster.

21. Badenhorst, C. C. J., *Uit den Boeren-oorlog, 1899-1902*, p. 47.

22. Kestell, J. D., *Christiaan de Wet*, p. 85.

23. De Wet, *op. cit.*, p. 194.

24. *Ibid.*

25. Badenhorst, *op. cit.*, p. 47.

Hoewel die Boere 'n goeie voorsprong opgebou het, het Methuen vanaf Frederikstad kortpad geneem om De Wet noord van Syferbult voor te sny. Hy het die agterhoede só straf gebombardeer dat generaal De Wet genoodsaak was om 'n kanon wat deur 'n skoot van die 78ste Battery getref is,<sup>26</sup> asook 'n aantal waens en sestig Britse krygsgevangenes agter te laat.<sup>27</sup> Verder het generaal De Wet sy agtervolgers se taak bemoeilik deur die ruie wintergras algaande agter hom af te brand om dit dusdoende „onmogelijk te maken voor de Engelschen voor hunne ossen weiveld te vinden.”<sup>28</sup>

Vanaf Vlakfontein het De Wet noordwes getrek in die rigting van die Selonsrivier. Methuen was nou oortuig dat die Boeregeneraal sy oog op Magatosnek gehad het, wat volgens opdrag ook deur Britse troepe beset moes wees.<sup>29</sup>

Met die onmiddellike gevaar van Methuen kort op sy hakke, het De Wet se verkenner skielik berig dat Olifantsnek vry van Britse troepe was.<sup>30</sup> Dadelik het die Boeremag noordooswaarts geswenk om sonder slag of stoot oor Olifantsnek na die gebied noord van die Magaliesberg te trek. Reeds op 13 Augustus „in den middag”<sup>31</sup> het 'n gedeelte van die Boeremag onder leiding van generaal De Wet Olifantsnek oorgesteek,<sup>32</sup> terwyl die res by Vlakfontein laer opgeslaan het, en die volgende môre oor die Nek is.<sup>33</sup>

#### V. Die Agtervolgers se Bewegings net vóór Olifantsnek

Lord Methuen het om 3 vm. op 13 Augustus die agtervolging voortgesit,<sup>34</sup> en weer eens De Wet se agterhoede teengekom. Toe eers is daar besef dat die Boeregeneraal op pad was na Olifantsnek.<sup>35</sup> Methuen het veronderstel dat Olifantsnek deur die Britte beset moes wees. Hy maak staat op luit.-genl. Ian Hamilton wat, soos hierna sal blyk, volgens bevel van lord Roberts reeds 'n afdeling by Olifantsnek moes hê.<sup>36</sup> „There seemed no loophole of escape for De Wet, provided only he could be prevented from moving westward, or passing to the north of the Magaliesberg, through Magato Nek”,<sup>37</sup> aldus Maurice en Grant. Lord Methuen het besluit om die direkte agtervolging te staak, en weswaarts na Magatos-

26. Doyle, A. Conan, *The Great Boer War*, p. 488.

27. Amery, *op. cit.*, IV, p. 427.

28. De Wet, *op. cit.*, p. 196.

29. Maurice & Grant, *op. cit.*, III, p. 353.

30. *Ibid.*

31. De Wet, *op. cit.*, p. 196.

32. Steeds is generaal De Wet se eie beskrywing klaarblyklik twee dae te vroeg, nl. 11 Augustus. Die datum van 13 Augustus word ontleen aan:

(i) Colvin, F. F. & E. R. Gordon, *Diary of the Ninth Lancers during the South African Campaign, 1899 to 1902*, p. 138.

(ii) Van Everdingen, W., *De Oorlog in Zuid-Afrika*, II, p. 79.

(iii) Smith-Dorrien, H., *Memories of Forty-Eight Years' Service*, p. 234.

33. Maurice & Grant, *op. cit.*, III, p. 353.

34. L.R.P. vol. 10, Methuen se verslag, p. 45.

35. Maurice & Grant, *op. cit.*, III, p. 353.

36. Amery, *op. cit.*, IV, p. 427.

37. Maurice & Grant, *op. cit.*, III, p. 352.

nek te marsjeer.<sup>38</sup> „so as to catch de Wet as he moved thence either north or west.”<sup>39</sup> Kitchener word gevra om regs (oos) van hom te hou in die rigting van die Magaliesberg, „and so to hold de Wet in a circle from which he had no means of escape except by abandoning his convoy, splitting up his men into small bands, and escaping over the mountains.”<sup>40</sup>

Om eenuur die oggend van 14 Augustus begin lord Methuen sy opmars in die rigting van Doornlaagte. Skuins voor dagbreek is besef dat die Boere nie meer ver kon wees nie, want twee Boereverkenners het hulle in Lord Methuen se mag vasgery en is gevange geneem.<sup>41</sup> Toe hy om 11 vm. Selonskraal bereik, kon die stof van die Boere se konvooi teen die ligskynsel van die veldbrand (wat De Wet weer eens gestig het) gesien word naby Buffelshoek,<sup>42</sup> vier myl wes van en op pad na Olifantsnek. Allerweë is van Britse kant verwag dat die Boere voortjaag „to certain doom at the hands of Ian Hamilton and 8 000 men.”<sup>43</sup>

Wat was die posisie van die Britse magte suid van Olifantsnek op daardie stadium? Methuen het alle paaie wes- en noordweswaarts beheer en was slegs ses myl van Magatosnek.<sup>44</sup> Kitchener was saam met Broadwood, Hart en Little naby Kwaggafontein om die pad na die suide te beheer.<sup>45</sup> Broadwood het daardie oggend met De Wet se agterhoede slaags geraak op die direkte roete na Olifantsnek. Smith-Dorrien het vanaf die spoorwegkant in die suidooste die C.I.V. (City of London Imperial Volunteers) onder leiding van kol. MacKinnon<sup>46</sup> uitgestuur om die knyptang om De Wet stywer te druk.

Onrusbarende gerugte het op daardie stadium die Britse mag bereik. ’n Bantoe het by lord Methuen aangekom en hom meegedeel „that de Wet, joined by others, had retreated through Oliphant’s Nek, his last wagon leaving Selons Farm at 12 noon.”<sup>47</sup> Methuen het dit nie geglo nie en die mars na Magatosnek voortgesit, wat om 5 nm. bereik is. In die voorafgaande sestig uur het sy mag 128 km. marsjeer.<sup>48</sup> Daar was geen nuus van Baden-Powell, Broadwood of Kitchener nie. „De Wet had escaped through the one outlet which I felt sure was occupied and which I had forced de Wet to make for”,<sup>49</sup> aldus Methuen.

Net so ontsteld moes Smith-Dorrien gevoel het toe hy daardie aand (14 Augustus) in sy dagboek skryf: „Lord Kitchener at last feels de Wet has escaped. The authorities have made a mess of it in not ensuring

38. L.R.P. Vol 10, Methuen se verslag, p. 46.

39. Amery, *op cit.*, IV, p. 427.

40. Danes, R., *Cassell’s History of the Boer War*, p. 1328.

41. *Ibid.*

42. L.R.P. Vol. 10, Methuen se verslag, pp. 47-48.

43. Maurice & Grant, *op cit.*, III, p. 353.

44. Forest, G., *The Life of Lord Roberts, V.C.*, p. 313.

45. Amery, *op cit.*, IV, p. 428.

46. Stirling, J., *Our Regiments in South Africa*, p. 396.

47. L.R.P. vol. 10, Methuen se verslag, p. 48.

48. Danes, *op cit.*, p. 1328.

49. L.R.P. vol. 10, Methuen se verslag, p. 48.

Olifants Nek being held, and the war may be prolonged six months in consequence.”<sup>50</sup>

#### VI. *Die Bewegings van die Britse Magte Noord van Olifantsnek*

Met die geweldige stremming wat die agtervolging op die Boere gelaat het, was dit vir hulle ’n merkbare verligting om Olifantsnek onbeset deur die Britte te vind. „When at last we struggled over Oliphant’s Nek it was to find the pass held by friends, not foes”,<sup>51</sup> getuig ’n republikeinse burger.

Wat was die bewegings van die Britte dan noord van die Magaliesberg dat Olifantsnek nie beset was soos lord Methuen vertrou het nie?

Op 1 Augustus 1900 het Ian Hamilton, vergesel van Hickman, met ’n mag van ongeveer 6 000 man en 26 kanonne in twee kolonne vanaf Pretoria na Rustenburg opgeruk met die opdrag: „You will occupy and hold Commando Nek, leaving there a suitable force as garrison to entrench themselves . . . As soon as you are in touch with Baden-Powell you should arrange to evacuate Rustenburg and Olifants Nek, withdrawing the battalion at Olifants Nek via Hekpoort and the south range of the Magaliesberg, if this can be conveniently arranged.”<sup>52</sup>

Lord Roberts, die opperbevelhebber van die Britse magte in Suid-Afrika, het dus besluit om Rustenburg en Olifantsnek prys te gee „which seemed to him too far away to be anything but a source of weakness.”<sup>53</sup> Hy was tevrede om Kommandonek en Silkaatsnek nader aan Pretoria, wat generaal De la Rey met ’n klein mag onder leiding van kommandant Coetzee gelaat het, te probeer beset. Die volgende dag het Ian Hamilton die Boere onder Coetzee by Silkaatsnek verdryf,<sup>54</sup> en aangesien Kommandonek onbeset gevind is, was die twee deurgange in Britse hande. Hickman se troepe is by Kommandonek agtergelaat.<sup>55</sup>

Teen die aand van 5 Augustus het Ian Hamilton vir Baden-Powell buite Rustenburg ontmoet.<sup>56</sup> Op dieselfde dag het lord Roberts die ontruiming van Olifantsnek gelas en Baden-Powell en Hamilton beveel om in die rigting van Pretoria terug te val.<sup>57</sup> Die nag van 6 Augustus het kol. Kekewich met sy garnisoen ook Olifantsnek verlaat, „and having demolished their defences, joined Hamilton.”<sup>58</sup>

In Wes Transvaal is die Britse posisie dus as gevolg van lord Roberts se reëlings verswak. Die Magaliesberg wes van Kommandonek is ontruim, sowel as Zeerust, Rustenburg en Ottoshoop, terwyl Klerksdorp vir die Britte verlore was. Lord Roberts wou klaarblyklik sy magte op die oosfront konsentreer.

50. Smith-Darrien, *op. cit.*, p. 234.

51. Pienaar, P., *With Steyn and De Wet*, p. 163.

52. Maurice & Grant, *op. cit.*, III, p. 336.

53. Amery, *op. cit.*, IV, p. 360.

54. Oosthuizen, J., *Jacobus Hercules de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 355.


55. L.R.P. vol. 43, R19/66, Ian Hamilton vanaf Rietfontein aan Lord Roberts 2.8.1900.

56. *Ibid.*, Ian Hamilton vanaf Kroondal aan Roberts, 5.8.1900.

57. Maurice & Grant, *op. cit.*, III, p. 341.

58. *Ibid.*





- de Wet >>>>>>
- Methuen xxxxxx
- Broadwood -----
- Little & -----
- Hart -----
- Ian Hamilton .....
- Mahon. |||||||

Bewegings voor Olifantsnek.

Op pad na Pretoria, toe Hamilton by Bokfontein naby Kommandonek was, het 'n telegram van lord Roberts hom op 8 Augustus meegedeel dat De Wet skynbaar koers hou in die rigting van Kommandonek, maar as hy sou uitvind dat dié nek beset is, sal hy waarskynlik Olifantsnek as mikpunt stel. Vanaf Scheerpoort „you (Hamilton) must then try and find out which way the enemy are moving . . . It is of the utmost importance that de Wet should not be allowed to get north of the Magaliesberg, and this I hope you will be able to prevent. If he escapes you, he will assuredly join Botha, while if you can stop him, the war will practically be over.”<sup>59</sup>

Met hierdie opdrag het Hamilton op 9 Augustus sy mag deur Kommandonek na Grootplaas, vyf myl na die suidweste, geneem, terwyl Mahon sy brigade oor Silkaatsnek daarheen gelei het.<sup>60</sup> Tegelykertyd het Baden-Powell met sy mag by Rietfontein stelling ingeneem, „thus covering the Neks from the south.”<sup>61</sup>

Dit was grootliks aan die feit dat Ian Hamilton nie by Olifantsnek stelling ingeneem het nie te danke dat generaal De Wet daarin kon slaag om sy agtervolgers af te skud. Hoekom was Ian Hamilton nie op sy pos nie?

Op 10 Augustus was hy nog te Grootplaas, 70 km. vanaf Olifantsnek in afwagting op nuus aangaande De Wet se bewegings.<sup>62</sup>

Om 9h45 vm. die volgende dag het hy 'n telegram van lord Roberts ontvang wat lui dat De Wet klaarblyklik in die rigting van Olifantsnek aan 't beweeg is. Voorts het lord Roberts beveel: „You should move to the westward at once towards Hekpoort. To-morrow you will probably be at Zeekoehoek . . . The Hekpoort valley is full of supplies and you should help yourself freely from the well-stocked farms. Baden-Powell's force with the battalion that Methuen left at Olifants Nek should remain for the present at Commando Nek.”<sup>63</sup>

'n Tweede telegram op dieselfde dag aan Ian Hamilton het sy opdragte verder uiteengesit, sodat hy geensins oningelig oor die aangeleentheid was nie: „As soon as you reach Zeekoehoek, send on such a force as you think sufficient to occupy Olifants Nek, with as many days' supplies as you can spare. You will then be available to move about with the remainder of your troops in any direction that may be required. It is important that we should prevent de Wet from moving north of the Magaliesberg, and if he can only be delayed anywhere for a couple of days Methuen and Kitchener should close in upon him.”<sup>64</sup> Hierop het Ian Hamilton kort en bondig geantwoord: „(I) will do my best.”<sup>65</sup>

'n Derde telegram wat meld dat De Wet om 8h30 daardie môre probeer het om die spoorlyn naby Welverdiend oor te steek, het Ian

59. *Ibid.*, pp. 348-349.

60. L.R.P. vol. 43, R19/83, Hamilton vanaf Kommandonek aan Roberts, 9.8.1900.

61. Maurice & Grant, *op. cit.*, III, p. 349.

62. L.R.P. vol. 43, R19/84, Hamilton vanaf Kommandonek aan Roberts, 10.8.1900.

63. Maurice & Grant, *op. cit.*, III, p. 354.

64. *Ibid.*

65. L.R.P. vol. 43, R19/87, Hamilton vanaf Kommandonek aan Roberts, 11.8.1900.

Hamilton verwittig: „Your force should just be in the right place to-morrow to head him should be go north and prevent him going north-east, or to follow him should he go west.”<sup>66</sup>

Ian Hamilton het in hierdie dringende berigte geen haas bespeur nie. Hy antwoord dus: „If I have to go west, I propose not to lose time by occupying Olifants Nek, as my westward movement would cover that pass, which is sure to be held, and is now strongly fortified.”<sup>67</sup>

'n Uur na lord Roberts se eerste boodskap het Ian Hamilton, vergesel van Mahon se ruitery, na Bultfontein, 'n afstand van 21 km., marsjeer terwyl hy die 1st Border Regiment by Kommandonek agtergelaat het.<sup>68</sup>

Die volgende dag (12 Augustus) het hy beweeg tot by Zeekoehoek, maar op pad daarheen het hy berig: „About 300 local Boers under Van der Merwe and Sarel Oosthuizen were in the hills north and south of Hekpoort and are believed to have drawn off to north and west on our approach.”<sup>69</sup> Hierdie Boere kon hom dus nie in sy opmars na die weste verhinder of vertraag nie.

Dieselfde aand moes hy tussen twee roetes kies wat weswaarts lei: die een deur Wapadspruit wat direk na Olifantsnek lei, 'n afstand van 42 km. al langs die suidelike hang van die Magaliesberg. Die feit dat die roete tussen die Magalies en die Witwatersrand gestrek het, het die uitsig beperk. Die ander pad het oor Hartebeesfontein en Vlaktefontein gegaan langs die Witwatersrand af, en die uitsig na die weste was goed, „(with) fair command over three routes converging from the south on Olifants Nek.”<sup>70</sup>

Ian Hamilton was bevrees dat De Wet oor Kommandonek sou probeer kom of die Johannesburgspoorlyn sou oorsteek, daarom het hy besluit om die Hartebeesfontein-Vlaktefonteinpad te kies. Verder het hy, soos reeds aangedui, die Britse opperbevel in kennis gestel „that he did not propose to occupy Olifants Nek itself, hoping to block it automatically from a distance.”<sup>71</sup> Dit was 'n groot flater. Hamilton se besluit om die suidelike roete te volg, het generaal De Wet net genoeg geleentheid gegee om Olifantsnek onbewaak deur die Britse mag te vind.

Die môre van 13 Augustus het Ian Hamilton se kavallerie met drie dae se proviand weswaarts vertrek om De Wet voor te lê. Aan lord Roberts het hy berig: „9.30 a.m. Force now passing through Zeekoehoek. I am sending Kekewich with his battalion, 200 M.I., section pom-poms, section 75th battery, to meet convoy on direct Krugersdorp Road. Mahon's Brigade is now pushing westward, full speed, along Jamieson road hoping to meet de Wet. Main body of my forces moves to about Blaauwbank where it halts until rejoined by Kekewich with convoy.”<sup>72</sup>

66. Maurice & Grant, *op. cit.*, III, p. 355.

67. L.R.P. vol. 43, R19/88, Hamilton vanaf Kommandonek aan Roberts, 11.8.1890.

68. *Ibid.*, R19/82, Hamilton vanaf Bokfontein aan Roberts, 9.8.1900.

69. *Ibid.*, R19/90, Hamilton vanaf Doornspruit aan Roberts 12.8.1900.

70. Maurice & Grant, *op. cit.*, III, p. 356.

71. *Ibid.*

72. L.R.P. vol. 43, R19/93, Hamilton aan Roberts, 13.8.1900.

Op hierdie stadium het De Wet by Vlakfontein, skaars 32 km. verder wes, laer getrek. Soos reeds aangedui, het 'n gedeelte van die Boeremag onder De Wet self die nek oorgesteek. Die res het die volgende môre gevolg „and the chase was over”.<sup>73</sup>

### VII. *Generaal De Wet Verdeel sy Mag*

Direk na die lang en volgehoue agtervolging, was beide die Boere en hul agtervolgers uitgeput. Rus was nodig. Generaal De Wet, vir wie volgehoue mobiliteit die voorafgaande tyd sy redding was, het besef dat sy hele krygsoperasie slegs deur voldoende rus gered kon word,<sup>74</sup> hoewel die gevaar altyd nog bestaan het dat vars troepe vanaf Pretoria hom kon agtervolg.

Nadat die Britse troepe egter sowel Magatosnek as Olifantsnek weer beset het, was De Wet verplig om langs die Rustenburg-Pretoria-pad koers te vat. Gelukkig vir die Boere kon die Britte hulle nie agtervolg nie. Lord Roberts het verduidelik: „Difficulties with regard to supplies rendered it impossible to continue the pursuit of de Wet in a northerly direction.”<sup>75</sup>

Aan die Krokodilrivier het De Wet ná 'n paar dae se rus sy mag verdeel.<sup>76</sup> Pres. Steyn is met 'n klein geselskap ten noorde van lord Roberts se kolonne verby na president S. J. P. Kruger wat hom op daardie stadium by Watervalonder bevind het. Die hoofmag van die Vrystaters is onder bevel van kommandant L. Steenekamp van Heilbron geplaas wat hulle deur die Bosveld na Nylstroom moes lei.<sup>77</sup>

Generaal De Wet self was met 246 man na die Vrystaat op pad,<sup>78</sup> toe hy noord van die Magaliesberg agterkom dat Kommandonek deur die Border Regiment bewaak word wat deur Ian Hamilton agtergelaat is, terwyl die Argyll en Sutherland Regimente by Silkaatsnek gestasioneer was. Kitchener was by Wolhuterskop op sy terugreis vanaf die Elandsrivier.

Die Boeregeneraal was vasgekeer! Al uitweg was om die Magaliesberg reg voor hom oor te steek. „Almost in full view of his enemies he climbed over to the south of the Magaliesberg by a precipitous path west of Commando Nek, whence, without further adventure, he returned to his camp at Rhenosterpoort, after a hasty visit to Potchefstroom, now no longer in the hands of the English.”<sup>79</sup>

### VIII. *Hoekom het die Britte Gefaal?*

Dat generaal De Wet 'n merkwaardige prestasie behaal het deur met slegs ongeveer 1 800 man die Britse mag wat teen die einde van die agtervolging seker 50 000 man getel het, te ontduik, en oor Olifantsnek te ontsnap, ly geen twyfel nie. Daar moet egter gesoek word na grondige redes waarom die Britte in hul pogings om De Wet te vang, misluk het.

73. Maurice & Grant, *op. cit.*, III, p. 356.

74. De Wet, *op. cit.*, p. 196.

75. L.R.P., Field Marshal Despatch, 10.10.1900.

76. Van Warmelo, D. S., *Mijn Commando en Guerilla Commando-Leven*, p. 81.

77. Amery, *op. cit.*, IV, p. 430.

78. De Wet, *op. cit.*, p. 198.

79. Amery, *op. cit.*, IV, p. 431. Van hierdie tog oor die Magaliesberg, gee generaal De Wet 'n pragtige beskrywing in sy aangehaalde werk.

Vir die Britte was die hele kwessie van generaal De Wet se ontsnapping 'n groot terugslag. By nadere ondersoek oor wie die grootste skuld moet dra vir De Wet se sukses, kom 'n mens tot interessante gevolgtrekkings. Wie het almal in die gedrang gekom?

By die beoordeling van genl.-maj. Baden-Powell se rol moet 'n mens in gedagte hou dat die ontset van Mafeking pas drie maande tevore plaasgevind het, en hy was klaarblyklik beïndruk deur die „military advantages of holding a town against the obvious risks of manoeuvring for a favourable position against the enemy in the open.”<sup>80</sup> By Rustenburg wou hy nou dieselfde taktiek volg, „for moral effect.”<sup>81</sup>

Lord Roberts wou baie taktvol die held van Mafeking daarop wys dat Wes-Transvaal deur die Britse mag ontruim moet word sodat daar op Oos-Transvaal gekonsentreer kon word. So telegrafeer hy op 31 Julie 1900 aan Baden-Powell: „Please see there is no delay about the evacuation of Rustenburg, as it is essential that Ian Hamilton should return here as soon as possible, in order to take part in our move beyond Middelburg.”<sup>82</sup>

In die geval van Baden-Powell moet ons verder in gedagte hou dat die feit dat hy volgehou het met die plan om in Rustenburg te bly, en die feit dat De Wet oor 'n onbesette Olifantsnek ontsnap het, twee gebeure onafhanklik van mekaar is. Baden-Powell se teenwoordigheid in Rustenburg sou veroorsaak het dat hy moontlik in 'n posisie kon wees om De Wet vas te keer, maar dit was nie sy oorweging nie. Daar moet egter ook rekening gehou word met die bewegings van De la Rey en die Boere om Rustenburg indien Baden-Powell daar gebly het, en daar kan gevra word: sou De la Rey so iets toegelaat het?

Aan die ontsnapping van die Boeregeneraal het Baden-Powell dié blaam dat, weens die feit dat Ian Hamilton na Rustenburg gestuur moes word om hom daaruit geleide te doen, lord Roberts verhinder is om Hamilton vroeër en op meer vrugbare wyse te gebruik in die beplande opmars na Oos-Transvaal. Dit moet dus beklemtoon word dat Baden-Powell om heel ander redes as die gevangening van De Wet in Rustenburg wou bly. Dit het by hom gegaan om militêre prestige vir Brittanje en homself, terwyl De Wet op daardie stadium nog nie eers in Transvaal was nie.

Luitenant-generaal Ian Hamilton se taktiese flaters het die Britte die tweede beste van die saak laat afkom. Die kern van die saak is dat Olifantsnek op 13 Augustus 1900 nie in Britse hande was nie, sodat generaal De Wet in staat gestel is om oor die nek te verdwyn wat toe deur generaal De la Rey se manne beset was. En die groot sondaar vir die Britte hier was Ian Hamilton.

Tot Hamilton se krediet moet onmiddellik gesê word dat, alhoewel

80. Kardner, B., *Mafeking. A Victorian Legend*, p. 219.

81. L.R.P. vol. 36, R12/108, Telegram 39K, Baden-Powell vanaf Rustenburg aan lord Roberts, 2.7.1900, p. 258.

82. S.A. Telegrams, III, C.3163, lord Roberts aan Baden-Powell op Rustenburg, 31.7.1900, p. 115.

hy goed deur lord Roberts aangaande die heersende situasie ingelig is, al sy planne afhanklik was van wanneer die konvooi met voorrade van Pretoria af op pad was. Soos Hamilton dit dan self gestel het: „I cannot move far from Commando Nek until these wagons arrive there.”<sup>83</sup> Daarby moet gevoeg word dat Ian Hamilton probleme ondervind het om lord Roberts se berigte te ontvang, want Baden-Powell moes dit eers vanaf Rietfontein deurstuur waar 'n telegraafkantoor op 9 Augustus 1900 geopen is.<sup>84</sup> Hamilton is verder mislei deur telegrafiese inligting vanaf Pretoria wat in baie gevalle 24 uur oud was.

Dat Ian Hamilton die situasie in 'n mate korrek beoordeel het, ly geen twyfel nie. Vandaar sy voorstel aan Roberts op 14 Augustus om 11h20 vm.: „Venture to suggest that simultaneous movement by Baden-Powell on Rustenburg would probably lead to important result.”<sup>85</sup> Hy verdien dus nie 'n ongekwalifiseerde veroordeling nie. Dit was egter reeds te laat, want De Wet se hele mag is daardie môre vroeg al veilig oor Olifantsnek.

Die feit dat hy 'n sterk vermoede gehad het dat Olifantsnek deur „meer as 3 000” Boere beset is,<sup>86</sup> en genl. De Wet dus oor Olifantsnek kon ontsnap, is verdoemde getuigenis teen Ian Hamilton. Op 12 Augustus het hy die einde van die Hekpoortvallei bereik, en die volgende dag het hy berig dat Mahon se brigade weswaarts opruk, „full speed, along Jamieson road, hoping to meet de Wet.”<sup>87</sup> Daarby het hy gereken dat hyself die toegang tot Olifantsnek sou beheer „by simply continuing his own movement westwards.”<sup>88</sup> Hamilton se sg. „full speed”, indien dit so was, was in elk geval geheel en al te stadig. Dit is moeilik om te bepaal of hy gereken het dat hulle werklik vinnig gevorder het, en of hy slegs lord Roberts wou gerusstel.

Vana Zeekoehoek moes Hamilton tussen een van twee roetes kies. Sy keuse van die Hartebeestfontein-Vlakfonteinroete om De Wet te verhoed om oor Kommandonek te ontsnap, was fataal. In die eerste plek was Kommandonek in elk geval deur die 1st Border Regiment bewaak wat Hamilton daar agter gelaat het. Dat De Wet hierdeur sou kon ontsnap, was dus onwaarskynlik. Tweedens: Hamilton wou die Hartebeestfontein-Vlakfontein-roete neem op enige rigtingsverandering van die Boeregeneraal te reageer. Hiermee kan nie fout gevind word nie, maar teen hierdie tyd moes hy al genoeg geleer het uit die foute van De Wet se agtervolgers dat 'n mens Christiaan de Wet op een plek moet konfronteer.

Dat Hamilton in sommige berigte van lord Roberts nie koorsagtige haas bespeur het nie, vrywaar hom beslis nie van kritiek nie. Juis die feit dat hy besef het dat Olifantsnek heelwaarskynlik deur De la Rey se magte beset was, moes hom daadwerklik daartoe aangespoor het om

83. L.R.P. vol. 43, R19/80, Hamilton vanaf Bokfontein aan Roberts, 9.8.1900, p. 176.

84. Hippisley, R. L., *History of the Telegraphic Operations During the War in South Africa, 1899-1902*, p. 64.

85. L.R.P. vol 41, R19/98, Hamilton vanaf Kabelkar aan Roberts, 14.8.1900, p. 174.

86. *Ibid.*, R19/98, Hamilton vanaf Bokfontein aan Roberts 13.8.1900, pp. 142-143.

87. *Ibid.*, R19/93, Hamilton vanaf Zeekoehoek aan Roberts, 13.8.1900.

88. Amery, *op. cit.*, IV, p. 428.

Olifantsnek so snel moontlik te herower, want dit was De Wet se enigste ontsnappingskans.

By die beoordeling van lord Roberts is daar 'n paar faktore wat in gedagte gehou moet word. Hy het in Pretoria agter 'n lessenaar gesit met slegs 'n kaart van Transvaal voor hom en berigte wat in die meeste gevalle verouderd was of selfs as onbetroubare gerugte bestempel kan word. Hy het self aan die Staatssekretaris vir Oorlog in Londen berig: „My difficulties too, are greatly increased by war having assumed guerilla aspect. Enemy are chiefly in small bodies, cropping up everywhere, and occupying attention of large numbers of troops without any very decisive result.”<sup>89</sup>

Verder moet tot lord Roberts se krediet gesê word dat hy op Oos-Transvaal wou konsentreer, waar die Transvalers se spoorlyn die wêg na Lorenzo Marques, feitlik die enigste kommunikasie met die buiteland, gevoer het. So bv. berig hy vol moed op 11 Augustus aan die Staatssekretaris vir Oorlog: „Hunter's successes in Bethlehem district have released large number of troops who are now being hurried to the Transvaal, and by the 15th I ought to have enough men, not only to deal with De Wet, but warrant the advance being continued towards Machadodorp.”<sup>90</sup>

Vir sy beoogde opmars na Oos-Transvaal het lord Roberts troepe nodig gehad en daarom het hy Wes-Transvaal ontruim. Gesien in die volle lig van die omstandighede was dit strategies 'n verstandige stap, want effektiewe druk op die Transvaalse regering in Oos-Transvaal sou 'n Britse oorwinning verseker. Ten opsigte van die dryfjag op De Wet was hierdie stap egter tot nadeel van die Britse magte.

Wat hier egter belangrik is, is dat lord Roberts die Britse posisie in Wes-Transvaal verswak het en daardeur generaal De Wet kans gegee het om oor Olifantsnek te verdwyn. Oor Baden-Powell se ontruiming van Rustenburg het lord Roberts aan die War Office verklaar: „Baden-Powell is very sad at being deprived of the chance of having to stand another siege but Rustenburg has no strategic importance and we cannot spare the troops to garrison it.”<sup>91</sup> Hier kan lord Roberts gelyk gegee word, want op daardie stadium was hy nog totaal onbewus van generaal De Wet se inval in Transvaal op dieselfde middag (6 Augustus). Tog, ten spyte van die feit dat kolonel Hore by Brakfontein aan die Elandsrivier deur generaal De la Rey vasgekeer was, en hulp dringend nodig gehad het, het lord Roberts nogtans sy oorspronklike plan laat deurvoer waarvolgens Baden-Powell met Hamilton na Kommandonek vertrek het. „This decision seems inexplicable”, is Amery se kommentaar.<sup>92</sup> Dit het vir genl. De la Rey 'n vry hand in Wes-Transvaal gegee om die Britse mag hoofbrekens te besorg. Dit klink net logies dat genl. De Wet sou toeslaan

89. Confidential Telegrams, South African War, 1899-1902, no. 308, Roberts aan Staatssekretaris vir Oorlog in Londen, 18.8.1900, p. 193.

90. *Ibid.*, no. 304, Roberts aan Staatssekretaris vir Oorlog, 11.8.1900, p. 192.

91. War Office, Film A398; berig 981, lord Roberts aan War Office, 6.8.1900.

92. Amery, *op. cit.*, IV, p. 361.

waar die Britse posisie die swakste was, en hierin het lord Roberts se beoogde opmars na Oos-Transvaal hom gehelp.

Lord Roberts het ook dieselfde fout as Hamilton gemaak deur alternatiewe vaskeerpunte vir De Wet voor te stel. Dit het veroorsaak dat Hamilton moontlik in die war kon gewees het oor sy opdragte, of dat hy in hierdie opdragte geen haas bespeur het nie. 'n Oomblik van aarseling was vir die opportunistiese Boeregeneraal genoeg.

Amery se kritiek is weer eens skerp. Hy beweer dat lord Roberts in hierdie geval weer gelyk het aan „the overconfidence and want of a consistent policy, in dealing with conquered territory, which he showed in the Free State after the capture of Bloemfontein. Misled by a temporary calm, he allowed too many places to be held by insignificant numbers.”<sup>93</sup>

'n Gebrek aan durf en volharding het sekerlik nie by die Britse bevelvoerders of hul manskappe bestaan nie, en dit kan moontlik nie as 'n rede vir die mislukking om generaal De Wet vas te keer, geld nie. Lord Methuen was volgens Amery die hart en siel van die agtervolging: „Often disappointed, he made few mistakes and never for a moment would he let his quarry go.”<sup>94</sup> Die geringe sukses wat daar wel was, was as gevolg van sy „dogged tenacity”. In 'n brief aan lord Roberts spreek lord Methuen sy bewondering uit oor „the splendid manner in which my Division has behaved, and I hope the distance marched under very trying conditions may show we endeavoured to the best of our power to carry out your orders to capture Commandant De Wet.”<sup>95</sup>

Swak verkenning en 'n gebrek aan effektiewe skakeling aan Britse kant het baie tot generaal De Wet se sukses bygedra. So bv. was dit tot De Wet se voordeel dat Broadwood en Little nie met mekaar geskakel het nie, hoewel hulle binne trefafstand van mekaar was. Hoewel lord Methuen vanaf die begin feitlik deurentyd binne 'n paar myl van die Boeregeneraal was, het hy tog as gevolg van swak verkenning 'n paar keer die spoor verloor — iets waarvoor slegs swak verkenning die skuld moet dra.

Smith-Dorrien is ook nie vry te spreek nie; met beter verkenners kon hy De Wet by Gatsrand vertraag het,<sup>96</sup> om sodoende te veroorsaak dat Methuen van die suidekant binne bereik kon kom om De Wet vas te trek. Hoe dit ook al sy, Smith-Dorrien het berig dat die „2nd Battalion Shropshire Light Infantry marched 43 miles in 32 hours, and the C.I.V. 30 miles in 17 hours a few days ago of being able to prevent De Wet from crossing the Krugersdorp-Potchefstroom railway.”<sup>97</sup>

Lord Kitchener wat 'n dag verspil het deur na Lindequesdrif te

93. Amery, *op. cit.*, IV, p. 362.

94. *Ibid.*, p. 431.

95. L.R.P., vol. 10, 126/161, Verslag, Methuen te Zeerust aan Roberts, 25.8.1900. p. 26.

96. Confidential Telegrams, no. 304, Roberts aan Staatssekretaris vir Oorlog, 11.8.1900, p. 19.

97. War Office, Film A398, Roberts aan War Office te Londen, 13.8.1900.



burgers aan wie hy baie hoë eise gestel het. In hierdie verband merk Amery op: „He rarely told them what he meant them to do; they simply had to follow him.”<sup>103</sup> Ongetwyfeld het sy uitkyk: „In eenig groot werk is de eerste vereiste: moet!” baie tot sy sukses bygedra.<sup>104</sup> Sy grondige kennis van die veld, of dit nou dag of nag was, het hy op doeltreffende wyse aangewend om sy bugrers se veiligheid te verseker. Hul veiligheid was vir hom dierbaar, soos blyk uit sy woorde na die berig van Prinsloo se oorgawe.<sup>105</sup>

Die vermoë om 'n situasie tot groot voordeel van die Boere uit te buit, en toe te slaan waar die vyand dit die minste verwag het, het die strategie De Wet sukses laat behaal in die eerste dryfjag. Soos hy self verklaar het: „Een Boer wordt eerst geducht wanneer men er in slaagt hem te omsingelen.”<sup>106</sup>

### IX. *Epiloog*

Ná afloop van generaal De Wet se noue ontkoming was die eerste reaksie van die Britte dié van diepe teleurstelling. Romer en Mainwaring stel dit dan so: „Someone had blundered, that was all.”<sup>107</sup> Generaal De Wet se naam was oornag op die lippe van elkeen in Londen. Koerante, tydskrifte en geskrifte het hom erken as 'n gedugte teenstander. Loftuitinge het nie uitgebly nie: „It was hopeless from the first, and yet, went within measurable distance of succeeding, though even if we had rounded up some of his force at Olifant's Nek, it is very doubtful if De Wet himself would have been caught,”<sup>108</sup> aldus Romer en Mainwaring.

'n Ander onmiddellike reaksie was die verwarring in Britse geledere oor waar generaal De Wet hom bevind het en wat sy werklike posisie was. Die Boeremag het die Britte nou in die war gehad. Kommandant Steenekamp het sy agterhoede onder kommandant Coetzee by Rooikoppies agter gelaat en sy kommando noordwaarts gelei. Sy bewegings, sowel as president Steyn se reis na Oos-Transvaal en assistent-generaal F. A. Grobler se aktiwiteite noord van Pretoria het tot die verwarring bygedra. Om die waarheid te sê, „each pursuing British commander believed that he had De Wet before him.”<sup>109</sup> 'n Verdere bewys van die feit dat generaal De Wet die Britte oorhoops gehad het, was die talle gerugte wat daar skielik die ronde gedoen het. Op 17 Augustus 1900 was die volgende gerugte in omloop:

- „1. De Wet is captured at last.
2. De Wet is surrounded and cannot escape.
3. De Wet has escaped with eleven men.
4. De Wet has 4 000 men with him.

103. Amery, *op. cit.*, IV, p. 261.

104. Van Everdingen, *op. cit.*, II, Voorwoord.

105. De Wet, *op. cit.*, pp. 189-191.

106. Van Everdingen, *op. cit.*, II, p. 222.

107. Romer, C. F. & A. E. Mainwaring, *The Second Battalion Royal Dublin Fusiliers in the South African War*, p. 138.

108. *Ibid.*, p. 140.

109. Maurice & Grant, *op. cit.*, III, p. 364.

5. De Wet has only 300 men with him.
6. De Wet has heaps of stores and ammunition.
7. De Wet has no stores."<sup>110</sup>

Aan Boerekant was daar eweneens onsekerheid oor De Wet se posisie, soos blyk uit die navraag van assistent-generaal S. P. Erasmus te Bothasberg aan waarnemende kommandant-generaal Louis Botha op 24 Augustus 1900: „Ik heb vernomen dat generaal De Wet met zijn commando aan het komen is naar Apiesrivier. Of het waar is weet ik niet."<sup>111</sup>

'n Belangrike gevolg van generaal De Wet se tog was die lastige probleme wat dit vir lord Roberts veroorsaak het. Die Britse opperbevelhebber in Suid-Afrika moes alle krag en tyd inspan in die poging om De Wet vas te trek. Van Everdingen slaan die spyker op die kop wanneer hy beweer: „De krijgswegingsen der drie grootste Boerengeneraals Botha, De la Rey en De Wet, op dat oogenblik al drie in de Z.A.R. aanwezig, verlamden den opmarsch van lord Roberts volkomen."<sup>112</sup>

Die mislukking van die Britte om De Wet vas te trek, het die oorlog verleng. Tot aan die bittereinde sou De Wet en president Steyn die vryheidstryd voortsit. Ná die oorgawe van Prinsloo was De Wet mag feitlik die enigste redelike groot groep Boere op vrye voet in die Vrystaat. „To destroy or disperse it, and to capture its famous leader, became, therefore, a matter of the first importance."<sup>113</sup> Onmiddellik na De Wet se ontsnapping het Smith-Dorrien reeds besef dat as gevolg van hul eie flaters, „the war may be prolonged six months."<sup>114</sup>

Die feit dat generaal De Wet na die suksesvolle tog sy hooflaer onder leiding van kommandant Steenekamp in die Bosveld agtergelaat het, was tweeledig tot die Boere se voordeel. De Wet self het nou met slegs 246 ruiters 'n beter kans gehad om ongedeerd na die Vrystaat terug te keer om die Vrystaters opnuut tot die stryd aan te spoor. Daarby kon die kommando onder kommandant Steenekamp soos suurdeeg inwerk op die Transvalers sodat hulle kon besef dat hulle nie deur hul suidelike bondgenote in die steek gelaat is nie. Die Transvalers is geweldig deur die Vrystaters beïndruk, soos blyk uit die woorde van Van Warmelo: „t Was een lang lager dat door de Olifantsnek trok en zich tusschen dezen pas en Rustenburg legerde, het grootste commando met al zijn toebehoorende wagens, karren, en trekdieren, dat wij nog gezien hadden."<sup>115</sup>

Die morele steun wat die aanwesigheid van president Steyn aan die burgers gegee het, kan nie oorbeklemtoon word nie. Gedurig het hy die burgers „geheel anders dan zoovele onzer hoofdofficieren” (van die Transvaal) daarop gewys „dat de oorlog nog lang kon duren, en dat wij de

110. Ross, P. I., *A Yeoman's Letters*, p. 48.

111. Leyds Argief, 731c, 24.8.1900, 45. Erasmus vanaf Bothasberg aan Botha, komdt.-gen. kamp.

112. Van Everdingen, *op. cit.*, II, p. 116.

113. Maurice & Grant, *op. cit.*, III, p. 341.

114. Smith-Dorrien, *op. cit.*, p. 234.

115. Van Warmelo, *op. cit.*, p. 78.

Kolonie nog zouden intrekken."<sup>116</sup> Sy besoek aan die Transvaalse regering in Oos-Transvaal was vooraf deur president Kruger bepleit en vanaf die Bosveld was toe die ideale geleentheid om aan daardie versoek te voldoen,<sup>117</sup> aangesien „vele burgers wanhoopten, (en) het vertrouwen in hun aanvoerders verloren hadden . . . President Steyn moest komen om den algemeenen toestand te bespreken."<sup>118</sup>

Met die onverwagte intog van generaal De Wet in Transvaal was die Britte genoodsaak om die spannet wat hulle al nouer in die Transvaal getrek het, tydelik te versaak, maar met De Wet weer buite bereik terug in die Vrystaat kon lord Roberts feitlik onverdeelde aandag aan die opmars op die oosfront skenk, 'n onderneming wat vooraf reeds vorm aangeneem het.<sup>119</sup>

Die taktiek van die klein en snelbewegende Boerekommando's het, soos generaal De Wet met sy terugkeer na die Vrystaat getoon het, lord Roberts ten slotte genoop om op 14 September 1900 'n proklamasie uit te vaardig waarvolgens alle pogings aangewend moes word „to bring such irregular warfare to an early conclusion.”<sup>120</sup> Eiendomsverwoesting en leed aan vroue en kinders was van toe af aan die orde van die dag „om die harte van die burgers in die veld te vermurwe sodat die oorlog spoedig in die guns van Engeland beslis kon word.”<sup>121</sup>

Vir Brittanje was daar na die groot mislukking van die eerste dryfjag darem een skrale troos: kolonel Hore was nog steeds besig om die fort by Brakfontein aan die Elandsrivier te hou — volgens 'n berig van 15 Augustus.<sup>122</sup> Generaal De la Rey het toe na amper twee weke se beleg van kolonel Hore, verneem dat lord Kitchener op pad was en daarom het hy vinnig padgegee.<sup>123</sup>

Naas al die roem wat hierdie dryfjag vir generaal De Wet besorg het, was daar ook die skadukant. Materieel het die generaal niks bereik nie. Intendeel, sy uittog uit die Vrystaat het hom op daardie gebied duur te staan gekom. Creswicke stel dit so: „Starting, he had some 1 500 men and six or eight guns, while behind him in the hills were Prinsloo and some 5 000 Dutchmen (= Boere). He now was returning to find th Bethlehem band on its way to Ceylon and his own force thinned to attenuation.”<sup>124</sup> My het 'n aantal waens verloor, een van sy kanonne, 'n aantal burgers, „and had temporarily dissipated his force.”<sup>125</sup> Maar generaal De Wet het moreel baie bereik. Hy het aan die burgers getoon hoe dit moontlik is om oorlog te voer as die vyand in werklikheid in besit

116. *Ibid*, p. 79.

117. De Wet, *op. cit.*, p. 198.

118. Rompel, F., *Marthinus Theunis Steyn*, p. 97.

119. Creswicke, *op. cit.*, VI, p. 76.

120. Cd. 426/1900, p. 18, lord Roberts, proklamasie, 14.9.1900.

121. Van Rensburg, A. P. J., *Die Ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie, 1902-1907*, pp. 160-161.

122. Amery, *op. cit.*, p. 358.

123. Oosthuizen, *op. cit.*, p. 358.

124. Creswicke, *op. cit.*, VI, p. 81.

125. Amery, *op. cit.*, IV, p. 431.

van hul land is. Belangrik is die feit dat De Wet daarin kon slaag om die burgers moed te laat skep na die groot terugslag van Prinsloo se oorgawe.

Inderdaad kan 'n mens nie anders nie as om met Van Everdingen saam te stem as hy van generaal De Wet beweer: „Zij hadden een tocht volbracht, waarvan de Geschiedenis altoos met bewonderen eerbied zou gewagen . . .”<sup>126</sup>

F. Pretorius.

126. Van Everdingen, *op. cit.*, II, p. 82.